# TELEMATIESE SKOLE PROJEK

# 2024 VAKWERKBOEK
# Graad 12

# REKENINGKUNDE

‘n Gemeenskaplike inisiatief tussen die Wes-Kaapse Onderwysdepartement en die Universiteit Stellenbosch.

Western Cape Government
FOR YOU
Education

Stellenbosch
UNIVERSITY
IYUNIVESITHI
UNIVERSITEIT

# UITSAAI SESSIES

Liewe Graad 12 Rekeningkunde leerder

Welkom by die Telematiese onderrigprojek. Die 2024 Gr 12 Rekeningkunde program is daarop gerig om jou begrip van die Rekeningkundige proses en foci op die **basiese kennis en vaardighede** wat nodig is om suksesvol in Rekeningkunde te wees, te versterk.

Gebruik hierdie geleentheid om dit wat in die klas onderrig was, te konsolideer. Die 2024 Telematiese lesse sal duidelikheid verskaf oor die jaareind-aansuiwerings, finansiële aanwysers, asook voorraadwaardasie en koste rekeningkunde op graad 12 vlak.

Jy kan op jou eie of met studiemaats deur die aktiwiteite werk, maar jy sal meer die waarde geniet deur ook die direkte video lesse te volg en die interaksie met die aanbieder met vrae via SMS, WhatsApp of die Telematiese Facebook bladsy.

Met hierdie vak sal jy toegerus word met waardevolle lewensvaardighede wat jy in enige beroep kan toepas en ook in jou eie persoonlike lewe, soos ordelikheid, deeglikheid, netheid, noukeurigheid, akkuraatheid, etiese gedrag, gesonde oordeel, georganiseerdheid sowel as kritiese, logiese en analitiese vermoëns. **Rekeningkunde is 'n opwindende, interesante en dinamiese vak. Besluit dadelik om dit te geniet, of selfs beter, om daarvoor lief te wees!**

**Die volgende is 'n inspirerende aanhaling deur Walter Elliot:**

"**VOLHOUDING** is nie 'n lang wedloop nie, dit is baie kort resies een na die ander"

Breek jou werk op in meer behaalbare dele en sien uitdagings as geleenthede vir groei.

Wees passievol oor jou Rekeningkunde, skep 'n **visie** van wat jy daarmee wil bereik en reageer op jou passie en visie deur hard te werk aan die vak, dan **sal** jy suksesvol wees.

Alles van die beste.
Me JP Conradie
WKOD SKB Rekeningkunde

| Sessie | Datum | Tyd | Onderwerp |
|---|---|---|---|
| 1 | 10/04/2024 Eng<br>11/04/2024 Afr | 15h00-16h00 | Finansiële state van Maatskappy |
| 2 | 08/05/2024 Eng<br>09/05 /2024 Afr | 15h00-16h00 | Finansiële aanwysers |
| 3 | 15/07/2024 Eng<br>16/07/2024 Afr | 15h00-16h00 | Voorraadwaardasie |
| 4 | 29/07/2024 Eng<br>30/07/2024 Afr | 15h00-16h00 | Koste rekeningkunde / Vervaardiging |

**Kripnotas om aansuiwerings te doen:**

'n Aansuiwering beteken dat die saldo in die vooraansuiweringsproefbalans aangepas word (verander/vermeerder/verlaag) na 'n hoër of laer bedrag. Daar is 9 aansuiwerings in graad 12 Rekeningkunde.

| | **Aansuiwering** | **Rekeninge wat geaffekteer word** | |
|---|---|---|---|
| | | **Debiet** | **Krediet** |
| 1 | Oninbare skulde | Oninbare skulde (+) | Debiteurekontrole (-) |
| 2 | Handelsvoorraad tekort | Handelsvoorraad tekort (+) | Handelsvoorraad (-) |
| 3 | Verbruiksgoedere voorhande | Verbruiksgoedere voorhande (+) | Skryfbehoeftes/Verpak-kings materiaal (-) |
| 4 | Opgelope inkomste | Opgelope inkomste (+) | Huurinkomste (+) |
| 5 | Inkomste vooruitontvang | Huurinkomste (-) | Inkomste vooruitontvang (+) |
| 6 | Opgelope uitgawes | Telefoon (+) | Opgelope uitgawes (+) |
| 7 | Vooruitbetaalde uitgawes | Vooruitbetaalde uitgawes (+) | Versekering (-) |
| 8 | Waardevermindering | Waardevermindering (+) | Opgehoopte waardevermindering op voertuie (+) |
| | | | Opgehoopte waardevermindering op toerusting (+) |
| 9 | Voorsiening vir oninbare skulde | Voorsiening vir oninbare skulde aansuiwering (+) *(indien voorsiening verhoog het)* | Voorsiening vir oninbare skulde (+) *(indien voorsiening verhoog het)* |

**Sleutel:** **WIT** rekeninge is Staat van omvattende inkomste rekeninge
**GRYS** rekeninge is Staat van finansièle posisie rekeninge

**WENKE VIR DIE OPSTEL VAN DIE STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE**
Gebruik die sistematiese en logiese prosesse soos hieronder uiteengesit. Dit spaar waardevolle eksamen-skryftyd en verseker dat jy deelpunte en selfs volpunte kan verdien.

**DIE STAPPE IS:**
- Skryf die vooraansuiweringsbedrae in potlood in die raamwerk/ antwoordboek langs die toepaslike item voordat enige aansuiwerings in ag geneem is, bv. Versekering (1 200 …..
- Begin by die eerste aansuiwering. LEES dit deeglik deur.
- Besluit op die dubbelinskrywing, d.w.s. watter rekening gedebiteer en watter rekening gekrediteer moet word. Toon ‘n + of ‘n – langs die bedrag by elke item in jou antwoordboek ingeskryf (sien Stap 1), bv. 1 200 +
- Skryf dan die bedrag van die aanwuiwering langs die teken neer, bv 1 200 + 300
- As al die aansuiwerings se ‘berekeninge’ gedoen is, skryf dan elke item se finale totaal in die laaste kolom aan die regterkant van die staat in, bv. 1 500.
- Moenie jou bewerkings uitvee nie, aangesien dit gebruik kan word vir die toekenning van deelpunte of metodepunte indien die finale totaal (sien Stap 5) verkeerd bereken sou wees.

**Aktiwiteit 1**

Die volgende inligting het betrekking op Stad Handelaars Bpk. vir die finansiële jaar geëindig op 30 Junie 2022.

**GEVRA:**
Voltooi die Staat van Omvattende Inkomste vir die jaar geëindig 30 Junie 2022.

**INLIGTING:**

**A Uittreksel uit die Vooraansuiweringsproefbalans op 30 Junie 2022.**

| | |
|---|---|
| Verkope | 6 720 000 |
| Huurinkomste | 153 120 |
| Direkteursfooie | ? |
| Salarisse en lone | 812 000 |
| Werkgewersbydrae | 22 080 |
| Advertensies | 11 650 |
| Ouditfooie | 120 000 |
| Waardevermindering | 340 000 |
| Diverse uitgawes | 432 110 |

**B** Die Huurinkomste vir Julie 2022 is reeds ontvang. Let daarop dat die maandelikse huur met 8% p.j. effektief vanaf 1 Mei 2022 verminder is.

**C** Die maatskappy het drie direkteure. Twee van die direkteure ontvang 'n jaarlikse fooi van R192 000 elk. Die derde direkteur ontvang 10% minder as die ander direkteure. Al drie direkteure het die volle bedrag vir die jaar ontvang en die boekhouer het die bedrag verkeerdelik in die salaris- en lonerekening aangeteken.

Die derde direkteur het egter besluit om te bedank en dit is op 30 Mei 2022 goedgekeur. Hy het belowe om die fooie wat hy ontvang het, terug te gee vir die tydperk wat hy nie die maatskappy sou dien nie.

**D** Een werknemer is uit die Salarisjoernaal vir Junie 2022 terwyl sy met kraamverlof was, weggelaat. Haar salaris is soos volg:

| **Aftrekkings** | | **Werkgewersbydrae** | **Netto Salaris** |
|---|---|---|---|
| LBS | Mediesefonds | Mediesefonds | |
| 2 050 | 970 | 1 920 | 6 700 |

**E** Advertensies sluit 'n bedrag van R7 500 uit wat betaal is vir die periode 1 Mei tot 30 September 2022. 'n Vaste koers word maandeliks toegepas.

**F** Rente op belegging is ontvang en aangeteken. Dit is die balanserende syfer.

**G** Leningstaat ontvang toon rente gekapitaliseer van R36 000.

**H** Inkomstebelasting beloop R272 700. Dit is 30% van die netto wins.

## Aktiwiteit 1 (Antwoordblad)

**STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 JUNIE 2022.**

| | |
|---|---|
| Verkope | 6 720 000 |
| Koste van verkope | |
| Bruto wins | |
| Ander bedryfsinkomste | |
| | |
| Bruto bedryfsinkomste | 2 662 080 |
| Bedryfsuitgawes | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| Ouditfooie | 120 000 |
| Waardevermindering | 340 000 |
| Diverse uitgawes | 432 110 |
| Bedryfswins | |
| Rente-inkomste | |
| Bedryfswins voor rente-uitgawe | |
| Rente-uitgawe | |
| Netto wins voor belasting | |
| Inkomstebelasting | (272 700) |
| Netto wins na belasting | |

## ONTLEDING EN VERTOLKING VAN FINANSIëLE STATE ❶/❷

Finansiële state vertel die mpy se 'storie'.
Ontleding van state/inligting help om die storie te verstaan.

**Hoe om kommentaar op finansiële aanwysers te lewer:**

- **Vergelyk:**
  - Teikens/Doelwitte deur die onderneming gestel, bv. % winsgrens gebruik vs die % wat wel behaal is.
  - Aanwysers van dieselfde onderneming met vorige jaar se syfers (om verbetering / daling / verswakking te bepaal)
  - Aanwysers van twee of meer ondernemings in dieselfde bedryf
  - Rentekoerse van alternatiewe beleggings met OAHE (ROSHE)
  - Rentekoers van lenings met OOGKA (ROTCE)
  - **Aanbevelings:** Beveel alternatiewe of oplossings aan om huidige (negatiewe) situasie te verbeter

**EKSAMENWENKE:**

- Ken die formules MAAR moet dit nie in jou antwoorde neerskryf nie – dit tel geen punte nie. (Formuleblad moet slegs as bevestiging van die korekte formule gebruik word. Moenie daarop staat maak nie)
- Probleemoplossing (vereis kreatiewe idees en jou eie mening) is deel van ontleding en vertolkingvrae.
- Jy kan gevra word om 'n moontlike belegging in twee maatskappye te ontleed (vergelyk risiko, geratheid, opbrengs op beleggings in beide maatskappy). [VERSEKER dat jy finansiële geratheid verstaan om sinvolle vergelykings te tref en toepaslike menings te gee.
- Jy kan ook gevra word om twee finansiële jare vir een OF twee maatskappye te vergelyk.

# FINANSIËLE AANWYSERS

**Finansiële state word ontleed om antwoorde op sekere vrae te kan gee.**
**Hou die 'vrae' (hieronder) in gedagte wanneer jy jou kommentaar lewer**

| VRAAG | TERM | FINANSIëLE AANWYSER | FORMULE |
|---|---|---|---|
| Hoe winsgewend is die besigheid; hoe goed/sleg word uitgawes bestuur; hoe effektief is die besigheid se bedrywighede? | **Winsgewend - heid en bedryfsdoel-treffendheid** | % Bruto wins op verkope ❶❷ | BW/Verkope x 100 = … % |
| | | % Bruto wins op KvV ❶❷ | BW/KvV x 100 = … % |
| | | % Bedryfswins (BDW) op verkope ❶❷ | BDW/Verkope x 100 = … % |
| | | % Bedryfsuitgawes op verkope ❶❷ | BU/Verkope x 100 = … % |
| | | % Netto inkomste op verkope ❶❷ | NW/Verkope x 100 = … % |
| Kan die besigheid sy korttermynskulde terugbetaal; word bedryfskapitaal doeltreffend bestuur en beheer? Kontantvloei- probleme? | **Likiditeit** | Bedryfsverhouding ❶ | BB : BL |
| | | Vuurproefverhouding ❶ | (BB - Voorraad) : BL<br>(Debiteure + Kontant) : BL |
| | | Voorraadomsetsnelheid ❶❷ | <u>Koste v Verkope</u><br>Gem. Voorraad<br>*Hoe hoër die syfer, hoe vinniger word bates weer in kontant omgesit* |
| | | Voorraadhoudingsperiode ❶❷<br>OF Periode waarvoor daar voorraad voorhande is | <u>Gem. Voorraad</u> x <u>12</u><br>(<u>365)</u> Koste v Verkope 1<br>(1) |
| | | Debiteure-invorderingsperiode ❶❷ | <u>Gem Debiteure</u> x 365<br>**Krediet**verkope<br>*Doelwit is 30 dae* |
| | | Krediteure-betalingsperiode ❶❷ | <u>Gem. Krediteure</u> x 365<br>**Krediet**aankope<br>*Doelwit is langer as debiteure se periode*<br>*Onderhandel vir 90 dae om rente te vermy* |
| Kan die besigheid al sy skulde terugbetaal? (Kredietwaardigheid) | **Solvabiliteit** | Eienaarsekwiteit of Netto bates (vir volhoubaarheid/ voortbestaan) ❶ | Totale bates : Totale laste |

## FINANSIËLE AANWYSERS

| | | | |
|---|---|---|---|
| Verdien die eienaars (aandeelhouers) 'n goeie opbrengs op hul kapitaal wat belê is in die onderneming? | **Opbrengs op belegging** | Opbrengs op Aandeelhouers- ekwiteit/-belang (OAHE) ❶ | Netto wins na belasting x 100<br>Gemid AHB<br>*Vergelyk hierdie % met alternatiewe beleggings, bv. vaste deposito se % rente* |
| | | Verdienste per aandeel (VPA) ❶ | Netto wins na belasting x 100 = …c<br>Aantal uitgereikte aandele<br>*Dit toon die wins per aandeel wat beskikbaar is om aan aandeelhouers uit te keer* |
| | | Dividende per aandeel (DPA) ❶ | Dividende x 100 = …c<br>Aantal uitgereikte aandele<br>*Die proposionele deel van die wins wat uitbetaal en aanbeveel word as dividende.*<br>****VPA - DPA = behoue inkomste** per aandeel vir toekomstige uitbreiding* |
| | | Netto batewaarde per aandeel (NBW) ❶ | Totale AHB x 100 = …c<br>Aantal uitgereikte aandele<br>- *Vergelyk die uitgereikte/gemid. prys van aandele met die markprys daarvan op die JSE.*<br>- *Indien die NBW verhoog het, toon dit dat winste teruggehou word; mpy brei uit en groei van welvaart; vooruitsigte van beter dividend in die toekoms*<br>- *As mpy meer aandele uitreik, behoort dit teen NBW te wees om welvaart te behou..* |

| | | | |
|---|---|---|---|
| Tot watter mate is die onderneming befonds met vreemde kapitaal; en in watter mate affekteer dit die finansiële risiko.<br>Kan die besigheid nog geld leen?<br>Is dit die moeite werd om nog te leen? | **Risiko Geratheid** | **Skuld : Ekwiteit (verhouding)** ❶ | **LT Laste : AHE** = (…. : 1)<br>***AHE** = Aandelekapitaal + Behoue Ink*<br>- *Kredietwaardigheid = vermoë om lenings te kan maak.*<br>- *Hoë risiko/lae kredietwaardigheid = 0,5 : 1 - 1 : 1 (verkieslik aandele uitreik)*<br>- *Lae risiko / hoë kredietwaardigheid = 0,1 : 1 - 0,4 : 1 (kan nog lenings maak)*<br>- *Vergelyk die verhouding voor en na lenings om verandering in risiko te toon* |
| | | **Opbrengs op totale kapitaal aangewend (OOTKA)** ❶ | Netto Ink voor belasting en rente x 100<br>Gem kapitaal aangewend 1<br>*Kap. aangewend = AHE + LT lenings*<br>*Vergelyk met % rente op lenings.*<br>- *Hoër = hoog gerat; lenings word vir uitbreiding gebruik en meer wins word gemaak.*<br>- *Laer = laag gerat; lenings word nie doeltreffend gebruik om meer wins te maak. Is dalk nie in staat om lening met rente terug te betaal nie* |

## SESSIE 2 | Ontleding en vertolking van finansiële aanwysers

### Aktiwiteit 2.1 : Finansiële aanwysers van twee maatskappye

Jou vriend, Pieter, oorweeg dit om aandele te koop in 'n maatskappy wat sportklere verkoop. Hy vra jou raad en lê die volgende finansiële aanwysers van die twee maatskappye wat hy oorweeg, aan jou voor. Die maatskappye is ongeveer dieselfde grootte en het dieselfde hoeveelheid aandele uitgereik.

**LET WEL:**

Wanneer die vrae beantwoord word, vergelyk die inligting verskaf en haal relevante finansiële aanwysers (persentasies, verhoudings en/of syfers) van beide maatskappye aan.

**GEVRA:**

2.1.1 Die likiditeit van Zee Bpk. is beter as dié van Ryan Bpk. Haal aan en verduidelik TWEE finansiële aanwysers (met syfers) om te bewys dat jy saamstem.

2.1.2 Watter maatskappy maak die meeste van lenings gebruik? Haal aan en verduidelik 'n finansiële aanwyser om jou antwoord te ondersteun. Verduidelik of dit 'n goeie idee is of nie.

2.1.3 Verduidelik hoekom jy dink die markprys van die aandele van Ryan Bpk. beter is as dié van Zee Bpk. Haal aan en verduidelik TWEE finansiële aanwysers om jou antwoord te ondersteun.

2.1.4 Watter maatskappy is meer geneig om hul besigheid uit te brei? Verduidelik jou antwoord deur relevante berekeninge te toon.

2.1.5 Ryan Bpk. het 'n beter persentasie opbrengs, verdienste en dividende as Zee Bpk. Verduidelik DRIE finansiële aanwysers om hierdie stelling te ondersteun.

**INLIGTING:**

| | Ryan Bpk. | Zee Bpk. |
|---|---|---|
| Markprys per aandeel op die JSB | 755 sent | 590 sent |
| Netto batewaarde per aandeel | 605 sent | 625 sent |
| Verdienste per aandeel (VPA) | 813 sent | 179 sent |
| Dividende per aandeel (DPA) | 537 sent | 182 sent |
| % opbrengs op aandeelhouersbelang | 28,5% | 11,5% |
| % opbrengs op kapitaal aangewend (voor belasting) | 35,6% | 12,4% |
| % rentekoers op lenings | 14% | 14% |
| Skuld/ekwiteitsverhouding | 0,2 : 1 | 1,9 : 1 |
| Bedryfsverhouding | 5,8 : 1 | 1,7 : 1 |
| Vuurproefverhouding | 3,7 : 1 | 0,8 : 1 |
| Debiteure-invorderingstermyn | 55 dae | 26 dae |

## SESSIE 2 | Ontleding en vertolking van finansiële state

### Aktiwiteit 2.1

2.1.1 **Die likiditeit van Zee Bpk. is beter as dié van Ryan Bpk. Haal aan en verduidelik TWEE finansiële aanwysers (met syfers) om te bewys dat jy saamstem.**

2.1.2 **Watter maatskappy maak die meeste van lenings gebruik? Haal aan en verduidelik 'n finansiële aanwyser om jou antwoord te ondersteun. Verduidelik of dit 'n goeie idee is of nie.**

2.1.3 **Verduidelik hoekom jy dink die markprys van die aandele van Ryan Bpk. beter is as dié van Zee Bpk. Haal aan en verduidelik TWEE finansiële aanwysers om jou antwoord te ondersteun.**

| | |
|---|---|
| 2.1.4 | **Watter maatskappy is meer geneig om hul besigheid uit te brei? Verduidelik jou antwoord deur relevante berekeninge te toon.** |
| | |

| | |
|---|---|
| 2.1.5 | **Ryan Bpk. het 'n beter persentasie opbrengs, verdienste en dividende as Zee Bpk. Verduidelik DRIE finansiële aanwysers om hierdie stelling te ondersteun.** |
| | |

**Aktiwiteit 2:2**

**PROGRESS BPK**

Jy word voorsien van inligting uit die finansiële state van Progress Bpk. Die finansiële jaar eindig op 29 Februarie 2023.

**GEVRA:**

2.2.1 Bereken die nettobatewaarde per aandeel op 29 Februarie 2023.

2.2.2 Bereken die opbrengs op totale kapitaal aangewend vir die 2023 finansiële jaar.

2.2.3 Die direkteure van Progress Bpk. wil 'n lening van R500 000 aangaan. Sal jy hulle aanbeveel om die lening aan te gaan? Haal EEN finansiële aanwyser (werklike syfer/verhouding/ persentasie) wat relevant tot hul besluit is, aan.

**INLIGTING UIT DIE FINANSIËLE STATE AAN DIE EINDE VAN DIE FINANSIËLE JARE**

| | 2023 | 2022 |
|---|---|---|
| Gewone aandeelhouersekwiteit | 1 630 000 | 1 280 000 |
| Aandele uitgereik | 400 000 | 300 000 |
| Lening: Direkte lenings | 380 000 | 520 000 |
| Bedryfsbates | 488 000 | 412 000 |
| Bedryfslaste | 621 000 | 578 000 |
| Totale bates | 2 631 000 | 2 378 000 |
| Netto wins voor inkomstebelasting | 620 000 | 388 000 |
| Netto wins na inkomstebelasting | 452 600 | 429 240 |
| Rente-uitgawes | 76 200 | 68 400 |

**FINANSIËLE AANWYSERS AAN DIE EINDE VAN DIE FINANSIËLE JARE**

| | 2023 | 2022 |
|---|---|---|
| Skuld/Ekwiteitverhouding | 0,23 : 1 | 0,41 : 1 |
| Bedryfsverhouding | 0,79 : 1 | 0,71 : 1 |
| Vuurproefverhouding | 0,50 : 1 | 0,45 : 1 |
| Opbrengs op totale kapitaal aangewend | ? | 25,4 % |
| Opbrengs op aandeelhouersekwiteit | 24,3 % | 36,1 % |
| Solvensieverhouding | 2,6 : 1 | 2,2 : 1 |

## Aktiwiteit 2.2 Antwoordblad

| 2.2.1 | Bereken die Netto batewaarde per aandeel op 29 Februarie 2023. |
|---|---|
| | |

| 2.2.2 | Bereken die opbrengs op totale kapitaal aangewend vir die 2023 finansiële jaar. |
|---|---|
| | |

| 2.2.3 | Die direkteure van Progress Bpk. Wil 'n lening van R500 000 aangaan. Haal EEN finansiële aanwyser (werklike syfer/ verhouding/ persentasie) wat relevant tot hul besluit is, aan. Sal jy hulle aanbeveel om die lening aan te gaan? |
|---|---|
| | |

## SESSIE 3 | VOORRAADWAARDASIE

### VERDUIDELIKENDE AANTEKENINGE

**Handelsvoorraad** verteenwoordig die mees waardevolle en minste likiede bedryfsbate.

**Handelsvoorraad en hoe dit op die Staat van Finansiële Posisie sal verskyn:**

| | |
|---|---|
| **Nie-bedryfsbates** | |
| | |
| **Bedryfsbates** | 195 000 |
| **Handelsvoorraad** | **140 000** |
| Handels- en ander ontvangbares | 80 000 |
| Kontant en kontantekwivalente | 5 000 |
| | |

Hierdie bedrag is die werklike hoeveelheid voorraad, na 'n fisiese voorraadopname.

**VOORRAAD OPNAME STELSELS**

**DEURLOPENDE VOORRAAD STELSEL**
- Bestaan uit Handelsvoorraad en Koste van Verkope rekening
- Voorraadopname gedoen om voorraadtekort/surplus te bepaal

**PERIODIEKE VOORRAAD STELSEL**
- Handelsvoorraad word as Aankoperekening aangeteken.
- Voorraadopname gedoen om voorraadsaldo vas te stel (Eindvoorraad / onverkoop)
- Koste van verkope moet bereken word.

**VOORRAAD WAARDASIE METODES**

**EERSTE-IN-EERSTE-UIT (EIEU)**
- Voorraad verkoop in volgorde van aankope.
- Eindvoorraad gewaardeer teen huidige pryse.

**Geweegde GEMIDDELDE**
- Geskik vir soortgelyke gewaardeerde voorraad, gereeld aangekoop.
- Eindvoorraad word gewaardeer teen die gemiddelde eenheidskoste aan die einde van 'n spesifieke tydperk.

**SPESIFIEKE IDENTIFIKASIE**
- Groot, unieke, individueel herkenbare items
- Teen hul faktuurprys aangeteken.
- Eindvoorraad is die totale hoeveelheid onverkoopte items.

### BEREKENING VAN KOSTE VAN VERKOPE DEUR GEBRUIK TE MAAK VAN PERIODIEKE VOORRAADSTELSEL:

**Koste van verkope = Beginvoorraad + Aankope + Vraggeld op aankope - terugsendings – Eindvoorraad**

# SESSIE 3 | Voorraadwaardasie:EIEU

**Aktiwiteit 3.1 EIEU**

**LWETHUS ELEKTRONIKA**
Lwethu Mbane verkoop skootrekenaars, en sy boekjaar eindig op 30 Maart 2023.

**GEVRA:**

1. Bereken die waarde van die eindvoorraad op 30 Maart 2023 deur die eerste-in-eerste-uit (EIEU) metode te gebruik.
2. Lwethu vermoed dat skootrekenaars gesteel is. Verskaf 'n berekening om sy kommer te staaf.
3. Lwethu is bekommerd oor die volume voorraad voorhande.
   - Bereken vir hoe lank sy eindvoorraad na verwagting sal hou.
   - Noem EEN probleem om te veel voorraad voorhande te hou en EEN probleem met onvoldoende voorraad voorhande.

**INLIGTING:**
**Voorraadsaldo's:**

| | EENHEDE | EENHEIDSPRYS | TOTAAL |
|---|---|---|---|
| **Beginvoorraad** | **420** | **R2 175** | **R913 500** |
| **Eindvoorraad** | **496** | | **?** |

**Aankope, terugsendings en vraggeld:**

| **Aankope** | **3 155** | | **R8 460 850** |
|---|---|---|---|
| September 2022 | 850 | R2 250 | R1 912 500 |
| Desember 2022 | 980 | R2 670 | R2 616 600 |
| Januarie 2023 | 875 | R2 930 | R2 563 750 |
| Maart 2023 (sien terugsendings) | 450 | R3 040 | R1 368 000 |
| **Terugsendings** (vanaf Maart aankope) | 25 | R3 040 | R76 000 |

**Verkope:**
3 050 skootrekenaars is teen R4 200 elk verkoop.

## SESSIE 3 | Voorraadwaardasie: EIEU

### Aktiwiteit 3.1 Antwoordblad vir EIEU

| | |
|---|---|
| **1.** | **Bereken die waarde van die eindvoorraad op 30 Maart 2023 deur die eerste-in-eerste-uit (EIEU) metode te gebruik.** |
| **2.** | **Lwethu vermoed dat skootrekenaars gesteel is. Verskaf 'n berekening om sy kommer te staaf.** |
| **3.** | **Lwethu is bekommerd oor die volume voorraad voorhande.**<br>• **Bereken vir hoe lank sy eindvoorraad na verwagting sal hou.**<br>• **Noem EEN probleem om te veel voorraad byderhand te hou en**<br>• **EEN probleem om onvoldoende voorraad voorhande te hou.** |

## Aktiwiteit 3.2 : Geweegde Gemiddelde

Jy word voorsien van inligting wat verband hou met Nathi-bouverskaffers vir Maart 2023. Hulle koop bokse vloerteëls en verkoop dit aan kleinhandelaars. Hulle gebruik die geweegde gemiddelde metode vir voorraadwaardasie en die periodieke voorraadstelsel.

**GEVRA:**

1. Bereken die totale waarde van die beginvoorraad (A)
2. Bereken die waarde van die teëls ontvang op die 25ste Maart 2023 (B)
3. Bereken die waarde van die eindvoorraad deur die geweegde-gemiddelde-metode te gebruik.
4. Bereken die bruto wins.
5. Verskaf 'n berekening om te bewys dat hierdie besigheid goeie beheer oor hul voorraad het.

**INLIGTING:**

| | EENHEDE | EENHEIDS-PRYS | VRAGGELD OP AANKOPE | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|
| Beginvoorraad (1 Maart 2023) | 600 | R85,00 | | **(A)** |
| Bokse teëls gekoop gedurende die maand | **3 160** | | | **?** |
| 10 Maart 2023 | 1 000 | R90,00 | R4 500 | R94 500 |
| 20 Maart 2023 | 1 200 | R95,00 | R5 700 | R119 700 |
| 25 Maart 2023 | 960 | R120,00 | R5 760 | **(B)** |
| | | | | |
| Beskadigde teëls vanaf 20 Maart aankope, teruggestuur aan verskaffer. Vervoer is ook nie deur verskaffer gedek nie. | 100 | **?** | | **?** |
| | | | | |
| Verkope vir die maand | 2 510 | R160,00 | | R401 600 |
| | | | | |
| Eindvoorraad (30 Maart 2023) | 1 150 | **?** | | **?** |

## SESSIE 3 | Voorraadwaardasie: Geweegde Gemiddelde

**Aktiwiteit 3.2:** Antwoordblad vir Geweegde Gemiddelde

| |
|---|
| **1. Bereken die totale waarde van die beginvoorraad (A)** |

| |
|---|
| **2. Bereken die waarde van die teëls ontvang op die 25ste Maart 2023 (B)** |

| |
|---|
| **3. Bereken die waarde van die eindvoorraad deur gebruik te maak van die geweegde gemiddelde metode.** |

| |
|---|
| **4. Bereken die bruto wins.** |

| |
|---|
| **5. Verskaf 'n berekening om te bewys dat hierdie besigheid goeie beheer oor hul voorraad het .** |

## Aktiwiteit 3.3 : Spesifieke Identifikasie

Indi Winkels verkoop twee soorte vroue horlosies:

- Fozzil-horlosies, ingevoer uit Zambië, gewaardeer volgens die spesifieke identifikasiemetode.
- Zarmin-horlosies, plaaslik vervaardig, gewaardeer volgens die geweegde gemiddelde metode.

Die finansiële jaar het op 30 Maart 2023 geëindig. Geen horlosies is gedurende die finansiële jaar gesteel of verloor nie.

**GEVRA:**

Bereken die volgende ten opsigte van Fozzil-horlosies op 30 Maart 2023

1. Waarde van eindvoorraad
2. Koste van verkope
3. Bruto wins en % bruto wins behaal.
4. Gemiddelde voorraadhoudingsperiode (in dae)

**INLIGTING:**

**A. Inligting met betrekking tot Fozzil-horlosies:**

| | EENHEDE | EENHEIDSPRYS | TOTAAL | EENHEDE VERKOOP | TOTALE VERKOPE |
|---|---|---|---|---|---|
| **Beginvoorraad** | 12 | R6 500 | R78 000 | 11 | R104 500 |
| **Aankope** | **35** | | | | |
| September 2022 | 15 | R7 200 | R108 000 | 22 | R209 000 |
| Januarie 2023 | 12 | R7 200 | R86 400 | | |
| Maart 2023 | 8 | R7 200 | R57 600 | | |
| | **47** | | | **33** | |

- Kosprys van Fozzil-horlosies sluit vervoerkoste en doeane belasting in.
- Hierdie horlosies word teen R9 500 elk verkoop.

## SESSIE 3.3 | Voorraadwaardasie: Spesifieke Identifikasie

**Aktiwiteit 3.3 :** Antwoordblad vir Spesifieke Identifikasie

**1. Waarde van eindvoorraad**

**2. Koste van verkope**

**3. Bruto wins en % bruto wins behaal.**

**4. Gemiddelde voorraadhoudingsperiode (in dae)**

## Basiese begrippe en berekeninge

| | |
|---|---|
| **Direkte materiaalkoste (DMK)** | Beginvoorraad + Aankope + Vrag op aankope - Slotvoorraad = Grondstowwe gebruik |
| **Direkte arbeidskoste (DAK)** | Normale lone (aantal werkers x aantal ure x tarief) Plus: Oortyd (aantal werkers x aantal ure x tarief) Plus: WVF-/Mediese-/Pensioenbydraes |
| **Fabrieksbokoste (FBK)** | Indirekte materiaal (Beginvoorraad + aankope – slotvoorraad) Indirekte arbeid (skoonmakers, sekuriteitswagte, voorman) PLUS WVF/Pensioenbydraes Waardevermindering op Fabriekstoerusting Water & Elektrisiteit (slegs fabriek) Alle ander fabrieksuitgawes |
| **Eenheidskoste** | Totale koste gedeel deur aantal eenhede voltooi/geproduseer |
| **Vaste koste** | FBK + Admin koste (AK) |
| **Veranderlike koste** | DMK + DAK + Verkoops en verspreidingskoste (VVK) |

### FORMAAT: PRODUKSIEKOSTESTAAT

| | |
|---|---|
| Direkte materiaalkoste | |
| +Direkte arbeidskoste | |
| =Primêre koste | |
| +Fabrieksbokoste | |
| =Totale koste van produksie | |
| PLUS Goedere-in-bewerking aan begin v. jaar | |
| MIN Goedere-in-bewerking aan einde v. jaar | ( ) |
| **=Totale koste van produksie v. klaarprodukte** | ** |

### FORMAAT: VERKORTE STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE

| | |
|---|---|
| Verkope | |
| min Koste v Verkope *(KvV)* [BV + Koste v klaarprodukte** - EV] | (…….) |
| Bruto wins | |
| *Min* Verkoops & verspreidingskoste | |
| *Min* Administrasiekoste | |
| **Netto wins** | |

**Berekening van die koste per eenheid van sekere koste-items sal toon:**

= watter kostes hoër/laer as begrote bedrae is,

= watter items buitensporig hoog is en baie goed beheer moet word
= hoe koste-items vergelyk met vorige jare se begrotings

**Bereken die gelykbreekpunt (GBP):**

= GBP bepaal die **hoeveelheid (aantal eenhede)** geproduseer waar **geen** wins of verlies getoon word nie;

= Inkomste is net genoeg om kostes te dek.

= **FORMULE**:

$$\frac{\text{TOTALE VASTE koste}}{\text{(Verkoopprys per eenheid – veranderlike koste per eenheid)}} = \text{.... \textbf{Aantal} produkte/eenhede}$$

## SESSIE 4 | Koste rekeningkunde / Vervaardiging

### Aktitwiteit 4.1 : Koste rekeningkude

Die volgende inligting hou verband met die jaareinde op 28 Februarie 2023. Die besigheid vervaardig een tipe handsak

**GEVRA:**

4.1.1 Bereken die volgende om die nota vir fabrieksbokoste vir die finansiële jaareinde voor te berei. Gebruik die tabelle wat op die antwoordblad verskaf word.

- Verbruiksgoedere wat in die fabriek gebruik word (sien A en B)
- Fabriek huur (sien C)
- Fabriek water en elektrisiteit (sien C)
- Fabriek versekering (sien C)

4.1.2 Stel die Produksiekostestaat op 28 Februarie 2023 op.

**INLIGTING:**

**A. Voorraadsaldo's:**

| | **28 Febr. 2023** | **28 Febr. 2022** |
|---|---|---|
| Goedere-in-bewerking-voorraad | R145 800 | R 35 100 |
| Fabriek verbruiksgoedere | R 3 900 | R2 500 |

**B. Uittreksel van transaksies vir die jaar geëindig 28 Februarie 2023 (voor aansuiwerings in Inligting C)**

| | |
|---|---|
| Grondstowwe aan fabriek uitgereik vir vervaardiging | R? |
| Verbruiksgoedere aangekoop vir die fabriek | 29 800 |
| Produksielone | 525 000 |
| Werkgewersbydrae vir direkte arbeiders in die fabriek | 44 900 |
| Huuruitgawe vir die kantoorafdeling | 12 200 |
| Water en elektrisiteit | 54 400 |
| Salarisse: Fabrieksvoorman (insluitend voordele) | 102 400 |
| Salarisse: Verkoopspersoneel (insluitend voordele) | 60 300 |
| Versekering | 33 500 |
| Diverse uitgawes: Fabriek | 47 040 |
| Verkoopsdepartement | 10 200 |

## C. Addisionele inligting en aansuiwerings:

- Die volgende produksielone is uit die Loonjoernaal vir die laaste week van Februarie 2022 uitgelaat:

| | |
|---|---|
| Netto lone verskuldig aan werknemer | R11 315 |

  Totale aftrekkings vir die werknemer beloop 27% van sy bruto loon.
  Die werkgewer betaal 11% van die bruto loon aan die Pensioenfonds en 1% aan die WVF.

- Huur word verdeel tussen die fabriek, verkope en administrasie in die verhouding 6:3:2. Slegs die administratiewe gedeelte is geboekstaaf.

- Die Februarie 2022 water en elektrisiteitsrekening van R5 600 moet nog betaal word. Neem kennis dat 75% van die uitgawe met die fabriek verband hou.

- Versekering sluit 'n addisionele premie in van R5 700 vir die periode 1 Januarie 2022 tot 30 Junie 2022. Hierdie uitgawe is geallokeer tussen die fabriek en verkoopsdepartement in die verhouding 4 : 1

D. Primêre koste vir die jaar na aansuiwerings beloop R1 380 000.

E. Die besigheid produseer 2 500 sakke teen 'n koste van R621 elk.

## Aktiwiteit 4.1

| | |
|---|---|
| 4.1. | Bereken die volgende om die nota vir fabrieksbokoste vir die finansiële jaareinde voor te berei. Gebruik die tabelle wat op die antwoordblad verskaf word. |

| Berekeninge | Antwoord |
|---|---|
| Verbruiksgoedere wat in die fabriek gebruik word | |
| Fabriek huur | |
| Fabriek water en elektrisiteit | |
| Fabriek versekering | |

### 4.1.1 NOTA VIR FABRIEKSBOKOSTE

| | |
|---|---|
| Fabrieksvoorman salaris | 102 400 |
| Diverse uitgawes | 47 040 |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |

### 4.1.2 Produksiekostestaat vir die jaar geëindig 28 Februarie 2023

| | |
|---|---|
| | 792 740 |
| | |
| Primêre koste | 1 380 000 |
| | |
| Totale produksiekoste | |
| Goedere-in-bewerking aan begin van die jaar | 35 100 |
| | |
| Goedere-in-bewerking aan einde van die jaar | |
| | |

## 4.2 Berekening van die gelykbreekpunt

4.2.1 Bereken die gelykbreekpunt vir mans se RunFasthardloopskoene vir 2023

| | 2023 | 2022 |
|---|---|---|
| | R | R |
| Direkte materiaalkoste | 150,00 | 120,00 |
| Direkte arbeidskoste | 102,00 | 98,00 |
| Verkoop en Verspreidingskoste | 52,00 | 50,00 |
| **VERANDERLIKE KOSTE PER EENHEID** | **304,00** | **268,00** |
| Fabrieksbokoste | 70,00 | 68,00 |
| Administratiewe koste | 30,00 | 30,00 |
| **VASTE KOSTE PER EENHEID** | **100,00** | **98,00** |
| | | |
| **Verkoopsprys per eenheid** | R 400,00 | R 400,00 |
| | | |
| Aantal eenhede geproduseer en verkoop | 4 500 eenhede | 4 500 eenhede |
| Gelykbreekpunt | **?** | 3 341 eenhede |

### Antwoordblad vir gelykbreekpunt

| Berekeninge | Antwoord |
|---|---|
| | |